GR 4 LEWENSVAARDIGHEDE PLAN VAN AKSIE (11-15 MEI)

Liewe Ouer

Die leerarea "Lewensvaardighede" se primêre doel is, soos die naam uitspel, om die leerders vaardig of behendig te maak om enige situasie wat in hul ervaringswêreld mag opduik, effektief en prakties te kan hanteer. Die leerarea poog ook om 'n veilige hawe te skep vir leerders waar hulle nie net kennis kan inwin nie, maar ook leer om emosies/situasies/gevare ens, met mekaar te deel en van mekaar te leer.

Leerders het slegs 5 periodes LO waarvan 2 prakties is. Die teoretiese inhoud is dus baie min. Hoewel ek riglyne en voorbeelde sal gee soos voorgeskryf in die sillabus, is dit BAIE BELANGRIK dat u seun/dogter wel tyd buite spandeer aan ENIGE fisiese aktiwiteite/spel.

Ek vertrou dat ons (ek, u en u kind) lekker as 'n span sal saamwerk. Kontak my gedurende die gestipuleerde kontak tye via WhatsApp indien u enige navrae het

Sterkte vir u en u gesin en ons bid dat u almal veilig, gelukkig en gesond sal bly.

Groete

Juffrou Lisinda Pretorius

(Sel: 0726510320)

DINSDAG **12 MEI (Prakties)**	**HOOFSTUK 11** **Invalspeletjies (Plat Handboek bl 70)** **Sleutelwoorde:** • **Invalspeletjie** • **Opponent** • **Verdedigers** • **Opponerende span** • **Aangee** • **Skop** • **Verdedig** • **Aanvallers** • **verdedigers**	**Prakties: Gebruik enige soort bal tot jou beskikking en, indien moontlik, vra lede van jou gesin om 'n vorm van 'n invalspeletjie saam met jou te speel.** **Gebruik die opskrif: Invalspeletjies** **Subopskrif: Sleutelwoorde en skryf dan die definisies van die woorde in die kolom langsaan uit in jou Werkboek**
WOENSDAG **13 MEI (Teorie)**	**HOOFSTUK 9: AFKNOUERY**	**Voltooi Werkkaart 1**
DONDERDAG **14 MEI (Teorie)**	**HOOFSTUK 9: AFKNOUERY**	**Voltooi Werkkaar 1**
VRYDAG **15 MEI (Teorie)**	**LEES VIR GENOT:** ***Motse se storie oor afknouery (Plat, p 62, 63)***	**Lees die gedeelte aandagtig en met begrip.** **Vertel iemand in jou gesin, dalk vir Pappa of Mamma wat jy gelees het en gesels sommer lekker hieroor.** **Ek hoop jy het iets geleer. Onthou om dit dan met my en jou maatjies te deel as ons mekaar weer sien.**

WERKKAART 1

HOOFSTUK 9: AFKNOUERY

Daar is baie leerders wat gereeld by skole afgeknou word. Dit is dus belangrik om afknouery dadelik te herken en te weet hoe om op te tree.

<u>Wat is afknouery?</u>

Afknouery is wanneer jy iemand aanhoudend en aspris seermaak deur wat jy doen of sê.

<u>Wat is 'n bullebak?</u>

'n Bullebak is 'n persoon wat ander aanhoudend en aspris dreig, seermaak of op hulle pik.

Daar is verskillende vorme van afknouery:

1. **Fisies (skop, slaan of boks)**
2. **Verbaal (noem kinders name, dryf die spot met hulle of dreig hulle)**
3. **Emosioneel (ander aspris uitsluit uit 'n groep of hulle intimideer)**
4. **Seksueel (ongewenste aanraking van privaat dele van jou liggaam)**
5. **Kuberafknouery (internet, facebook of selfone gebruik om lelike boodskappe vir ander te stuur)**
6. **Verwaarlosing (Wanneer 'n kind afgeskeep word en nie die nodige aandag, voiding, klerasie of behuising kry nie)**

LEES DIE INLIGTING OP BL 60,61 BAIE GOED DEUR EN BEANTWOORD DAN DIE VOLGENDE VRAE IN JOU WERKBOEK.

VOLTOOI DIE WERK VIR DONDERDAG, 14 MEI. JULLE HOEF NIE HIERDIE BLAAI UIT TE DRUK NIE, MAAR LAAT 'N BLAAI OOP VOORDAT JY DIE VRAE BEANTWOORD. EK SAL HIERDIE OPSOMMING VIR JULLE GEE WANNEER ONS WEER BY DIE SKOOL IS, DAN KAN JULLE DIT NET INPLAK.

1. **Gee 'n definisie van afknouery.**
2. **Gee 'n definisie van 'n bullebak.**
3. **Skryf vyf maniere neer van hoe 'n bullebak hanteer kan word.**
4. **Behalwe jou ouers, onderwysers en maats kan jy ook op 'n ander manier hulp kry as jy afgeknou word. Waar is dit en wat is die nommer.**
5. **Sê watter vorm van afknouery die volgende is:**
   - **5.1 Jou maats sê jy mag nie meer saam met hulle speel nie.**
   - **5.2 Een van die kinders by die skool hou aan om jou te spot omdat jy nie vinnig kan hardloop nie.**
   - **5.3 Jy kry gedurig boodskappe op jou foon waarin jy sleggesê word.**
   - **5.4 Een van die kinders by die skool hou aan om jou te stamp as jy voor hom/haar in die ry loop.**
   - **5.5 Wanneer iemand gedurig jou hare trek sonder rede.**
   - **5.6 Wanneer iemand aanhoudend stories oor jou vertel wat onwaar is.**
6. **Hoe sal jy iemand kan help wat geboelie word by die skool?**